



Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

INSKRYWINGSVORMS 2022

1. N\$1 500.00 eenmalige aansoekfooi ONMIDDELLIK betaalbaar met elke inskrywing. Hierdie fooi is ongelukkig nie terugbetaalbaar nie.
2. Deposito van N\$1 500.00 vir breekskade, betaalbaar na goedkeuring van sy/haar koshuisaansoek.
3. Bankbesonderhede van die Privaatskool Elnatan: Bank Windhoek Mariental, Takkode: 481 471, Rekeningnommer: 1049726001
4. Beide ouers teken alles waar moontlik.
5. Alle bladsye van alle dokumente ingeslote die skoolreëls en dissiplinêre kode moet geparafereer word deur al 2 ouers, tesame met 'n getuie of getuies.
6. Ouers wat geskei is:
 - 5.1 Die ouer wat toesig en beheer gekry het (lees die egskeidings skikkings-ooreenkoms) moet die aansoekvorm vir die kind teken.
 - 5.2 Indien die ouer wat toesig en beheer gekry het verskil van die ouer wat vir die onderwys van die kind verantwoordelik is (lees die skikkingsooreenkoms en hofbevel om dit te bepaal) moet die ouer wat die verantwoordelikheid vir onderwysenkostes die finansiële ooreenkoms teken.
 - 5.3 Afskrifte van die egskeidings hofbevel en die skikkings-ooreenkoms wat gewoonlik 'n aanhangsel tot die hofbevel is, moet aan die aansoek geheg word.
 - 5.4 Aansoekvorms moet oorspronklik ingehandig word (nie fakse nie).
 - 5.5 Die aansoekvorm moet voor die finansiële sekretaresse geteken word.
 - 5.6 Die skoolamptenaar voor wie die aansoek geteken word, moet as getuie op alle dokumente teken.
 - 5.7 Ouers/voogde moet asseblief daarop let dat indien die aansoekvorms nie volledig onderteken is nie, die aansoek nie gekeur en aanvaar kan word nie.
7. U moet vir elke kind wat ingeskryf word, 'n volledige aansoekvorm voltooi.

AANSOEK OM SKOOLTOELATING

BYLAE A

1. BESONDERHEDE VAN LEERLING

Van:					
Voorname:					
Noemnaam:					
Geboortedatum:					
Huistaal:					
Naam van vorige skool:					
Adres van vorige skool:					
Telefoon & E-pos van vorige skool:					
Tydperk in vorige skool:					
Word losies in koshuis verlang?					
Graad waarvoor aansoek om toelating gedoen word:					
Huidige graad:					
Grade gedruip:					
Dissiplinêre rekord van leerling: bv. skorsing uit vorige skool of 'n finale waarskuwing					
Voorkeure t.o.v. buitemuurs:					
Uitstaande prestasies:					
*Akademies					
*Sport					
*Kultuur, Verenigings, Klubs					
*Leierskap					
Kerkverband:					
Voorsien asseblief enige ander inligting wat u graag onder die aandag van die skool wil bring:					
By wie woon leerder?	Beide ouers	Vader	Moeder	Voog	Ander
Spesifiseer asseblief indien laasgenoemde:					

BYLAE B

2. BESONDERHEDE VAN VADER OF VOOG

Naam van vader / voog:	
Posadres:	
Woonadres:	
Werksadres:	
Aard van werk of beroep van vader:	
Telefoon:	Huis: Sel: Werk:
E-pos adres:	
Kerkverband:	
Naam van moeder / voog:	
Posadres:	
Woonadres:	
Woonadres:	
Aard van werk of beroep van moeder:	
Telefoon:	Huis: Sel: Werk:
E-pos adres:	
Mediese Fonds:	Naam: Naam van Hooflid: Fondsnummer:
Is enige van die ouers oud-leerlinge van Privaatskool Elnatan?	Vader: Moeder:

3. BETALING VAN SKOOLGELD

Wie is verantwoordelik vir die betaling van die skoolgeld?		Vader	Moeder
Indien nie vader of moeder nie, voltooi asseblief onderstande gedeelte:			
Titel:	Van:	Voorletters:	Noemnaam:
Posadres:		Woonadres:	
Telefoon:	Huis:	Werk:	
Selfoon:	E-posadres:		

1. Ek aanvaar aanspreeklikheid vir alle skoolgelde en/of koshuisgelde, vooruitbetaalbaar. Wanneer ek my kind/ers uit die skool sou haal voordat sodanige termyn verstryk en alle gelde reeds betaal is, ek hierdie geld sal verbeur. 'n Aansoekfooi van N\$ 1,500.00 moet my aansoek vergesel. Indien ek nie my kind bring nie, verbeur ek die aansoekfooi.
2. Ek as ouer onderneem om die deposito van N\$1 500 vir breekskade, na goedkeuring van sy/haar koshuisaansoek, te betaal, wat aangewend sal word vir enige skade wat deur my kind in sy/haar onderskeie koshuis en/of in die skool aangerig word. Ek sal die bedrag jaarliks aanvul indien nodig of sodra die bedrag 'n N\$1 500 oorskry. Die balans van hierdie deposito kan aan die einde van die leerder se skoolloopbaan by Privaatskool Elnatan, skriftelik terug geëis word.

Ek is ook bewus dat in die geval van breekskade in die onderskeie koshuise, die skuldige party nie opgespoor of geïdentifiseer kan word nie, die hele kamer vir die breekskade verantwoordelik is en daarom sal die bedrag tussen die aantal leerlinge wat die kamer beset, gedeel word.

Hierdie ooreenkoms sal ook geag wees 'n onvoorwaardelike skulderkenning van alle bedrae wat ek aan Privaatskool Elnatan van tyd tot tyd verskuldig mag wees, en die berekening van sodanige agterstallige bedrag sal deur die Finansiële Sekretaresse gedoen word welkome bedrag aanvaar word korrek te wees tot wanneer die ouer sodanige berekening verkeerd bewys het.

BANKBESONDERHEDE

Bank:	
Tak:	Takkode:
Rekeningnommer:	
Hoe lank is u by huidige bank?	

Inbetalers moet asseblief toesien dat die verwysing (rekeningnommer van ouer by die skool) volledig deur die bank voltooi word. Indien geld elektronies oorbetaal word, moet die *Description for Beneficiary* ook die rekeningnommer van die ouer by die skool wees.

Vir volledigheid verwys ons u ook na die beleid ten opsigte van die hantering van agterstallige skoolfonds soos dit in die beleid vervat is:

- Skoolfonds is maandeliks vooruitbetaalbaar en moet die skool nie later as die vyfde (5de) werksdag van die maand bereik nie.
- Twee persent (2%) rente per maand word gehef op rekeninge wat langer as 30 dae agterstallig is.
- Alle rekeninge ouer as 90 dae word aan skuldinvorderaars oorhandig om die uitstaande bedrag in te vorder. Die betrokke ouer/rekeninghouer is in so 'n geval ten volle verantwoordelik vir alle kostes, fooie en kommissies soos deur die skuldinvorderaars gehef word.
- Geliewe ook daarvan kennis te neem dat waar skoolfondsbetalings agterstallig raak, leerlinge die gevaar loop om verdere skoolbywoning geweier te word. Geen amptelike rapporte en/of skolastiese verslae kan deur die skool uitgereik word indien daar enige bedrag aan die skool verskuldig is nie.

AANHANGSEL

1. Rente sal bereken word teen 'n jaarlikse finansieringskostekoers van _____ % (_____ persent) en die totaal daarvan, naamlik N\$ _____ (_____ Namibiese Dollar) sal betaalbaar wees in _____ (*meld*) gelyke maandelikse paaieimente op die laaste dag van elke kalendermaand tesame met die paaieiment ter vermindering van die Hoofskuld soos hieronder uiteengesit.)
2. Die Hoofskuld, tesame met rente soos in klousule 2 hierbo uiteengesit bereken, moet betaal word (*indien die rente bereken is in terme van die alternatief hierbo, vul die hoeveelheid paaieimente in*) paaieimente van N\$ _____ (_____ Namibiese Dollar) elk, en die eerste daarvan moet betaal word op die laaste dag van die maand waartydens hierdie dokument geteken word, en daarna op die laaste dag van elke daaropvolgende maand totdat die hoofskuld en rente volledig betaal is.
3. Indien enige een paaieiment nie behoorlik op vervaldatum betaal word nie, sal die Skuldeiser geregtig wees om die totale balans van die Hoofskuld en die rente wat hierkragtens verskuldig is as opeisbaar en betaalbaar te beskou, en sal hy geregtig wees om dagvaarding daarvoor in enige bevoegde hof uit te reik sonder verdere kennisgewing of aanmaning van die Skuldenaar.
4. Die Skuldenaar doen hiermee uitdruklik afstand van die regseksepsies *non causa debiti*, die *errore calculi*, die hersiening van rekenings, geen waarde genote, en, indien daar meer as een skuldenaar is die *de duobus vel pluribus reis debendi* of die *ordinis seu excussionis et divisionis*.

5. Die skuldenaar stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof ooreenkomstig die bepaling van artikel 45 van Wet 43 van 1944 vir die verhaal van enige bedrag wat in terme hiervan verskuldig mag wees.
6. Die Hoofskuld sal betaalbaar en opeisbaar word sodra 'n bevel van insolvensie (of indien die skuldenaar 'n maatskappy of beslote korporasie is 'n bevel van likwidasie) teen die Skuldenaar gegee word, of indien die Skuldenaar 'n daad van insolvensie sou pleeg.
7. Die Skuldenaar moet die koste hieraan verbonde, sowel as die seëlreg (tensy die seëlreg, deel van die Hoofskuld vorm) op aanvraag betaal. Koste sal insluit die koste van die opstel van registrasie van enige sekuriteit wat deur die Skuldeiser versoek word, asook die seëlreg betaalbaar op enige dokument wat nodig is as sekuriteit vir die behoorlike betaling van die Hoofskuld en rente aan die Skuldeiser. Indien die Skuldeiser koste aangaan om die Hoofskuld in te vorder, sal die Skuldenaar daardie koste op die prokureur-en-kliëntskaal betaal tesame met invorderingskoste bereken teen 10 % (TIEN PERSENT) op elke paaïement wat gemaak word in vermindering van die Hoofskuld, rente en koste.
8. Die Skuldeiser sal geregtig wees om hierdie vordering te sedeer of te verpand of om daarmee handel te dryf na eie goeddunke sonder die toestemming van die Skuldenaar. Hy sal ook geregtig wees in *rem suam* om enige sekuriteit te onthef, gedeeltelik of ten volle, sonder toestemming van die Skuldenaar, of om toe te sien tot wysiging, opheffing, verslapping of uitstel van enige van die bedinge hiervan en sodanige optrede sal nie op die Skuldeiser bindend wees nie, tensy hy skriftelik aangedui het dat sodanige optrede bindend sal wees.
9. Die Skuldeiser mag enige betaling toewys aan vermindering van kapitaal, rente, koste of ander item na eie goeddunke, ten spyte van enige toewysing gemaak deur die Skuldenaar.
10. 'n Sertifikaat wat voorgee uitgereik te wees deur die Skuldeiser of sy gemagtigde agent en wat beweer die uitstaande sal verskuldig in terme hiervan te sertifiseer sal aanvaar word as *prima facie* bewys van sodanige verskuldigheid, en sal voldoende bewyskrag hê om die Skuldeiser in staat te stel om 'n aansoek om summiere vonnis of voorlopige vonnis in enige bevoegde hof teen die Skuldenaar te bring, vir die bedrag in daardie sertifikaat aangegee en die Skuldenaar aanvaar die onus om daardie bedrag te weerlê as synde nie die bedrag wat verskuldig is nie.
11. Die Skuldenaar sal nie geregtig wees om enige betaling gestipuleer in hierdie erkenning van skuld vir welke rede ook al te weerhou of uit te stel nie.
12. In die geval van meer as een skuldenaar aanvaar elke skuldenaar dat sy aanspreeklikheid *in solidum* is en dat die Skuldeiser te eniger tyd teen enige een skuldenaar van sy keuse invorderings- en uitwissingsprosedure aanhandig kan maak.
13. Die Skuldenaar sal geregtig wees om enige gedeelte van die Hoofskuld en finansieringskoste voor die vervaldatum te betaal, sonder om afbreuk te doen aan enige regte wat hy in terme hiervan mag hê.

WIE DIT MAG AANGAAN

VRYWARINGSVORM

Ek die ondergetekende, _____ neem kennis en verklaar dat by watter geleentheid ookal, ekself en/of enige van my afhanklikes of enige van hulle alleen, en/of enige ander persoon wie nou of in die toekoms, wettige toesig oor my afhanklikes het, toegelaat word om 'n georganiseerde uitstappie wat deur Privaatskool Elnatan en koshuis of enige van sy werknemers, of dit in private hoedanigheid of amptelik hoedanigheid is, deel te neem.

Ek verstaan dat ek of hulle toegelaat word om die groep te vergesel en vervoer te word op my en my afhanklikes se eie risiko en op uitdruklike voorwaarde dat die genoemde instansie en sy werknemers of die eienaars van die betrokke voertuie of enige ander manier van transport die bestuurder of kondukteur van sodanige voertuig of enige ander manier van transport, of die persoon in beheer van sodanige reis **sal nie verantwoordelik gehou word deur my of enige van my afhanklikes of voogde** sou daar enige skade ontstaan weens verlies van lewens of enige liggaamlike beserings deur my of my afhanklikes of enige ander gewettigde persone wat toesig oor my afhanklikes sou hê nie, of enige verliese of skade aan my of my afhanklikes se persoonlike eiendom wat mag ontstaan a.g.v. 'n ongeluk wat kan gebeur tydens 'n uitstappie of reis nie, of skade wat ontstaan het a.g.v. nalatigheid, skadeloosstelling, onbevoegdheid of enige intensionele daad van die begeleiers, hulle werknemers of bestuurders of kondukteurs.

Namens myself, my eksekuteurs, my regverkrydenis, my erfgename, en al my afhanklikes vrywaar ek hiermee Privaatskool Elnatan en sy verteenwoordigers, agente en werknemers teen en van enige skade, skadevergoeding en my regskoste of koste wat mag ontstaan uit my of my afhanklikes of enige van hulle alleen en/of enige persoon wat wettig toesig oor my afhanklikes het tydens 'n reis of vervoer van hulle soos vooraf genoem waartydens skade, uitgawes of koste van eise sou mag ontstaan wat enige persoon, die bestuurders, die eienaars van enige voertuig mag insluit

GETEKEN TE _____ OP DIE ____ DAG VAN _____ 20____.

VOLLE NAME: _____

HANDTEKENING: _____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

Handtekening: Vader of voog: _____ Datum: _____

Handtekening: Moeder of voog: _____ Datum: _____

BYLAE C

4. ONDERNEMING MET PRIVAATSKOOL ELNATAN

Hiermee onderneem ek, die ondergetekende

Mnr: _____

(Volle naam en van van ouer of voog) om die betaling van die volgende leerling(e) ingeskryf by Privaatskool Elnatan:

Hiermee onderneem ek, die ondergetekende

Me: _____

(Volle naam en van van moeder of voog) om die betaling van die volgende leerling(e) ingeskryf by Privaatskool Elnatan,

1ste leerling se naam en van: _____

2de leerling se naam en van: _____

3de leerling se naam en van: _____

4de leerling se naam en van: _____

se skoolfonds aan die Privaatskool Elnatan vooruit te betaal vir die maand/kwartaal/halfjaar/jaar.

U sal skriftelik binne 7/21 dae nadat u rekening agterstallig geraak het, in kennis gestel word.

Ek neem kennis dat indien daar nie 'n ooreenkoms ten opsigte van finansiële verpligtinge bereik word nie, ek versoek kan word om bogenoemde leerling(e) uit die skool te neem. Rente sal op 'n maandelikse basis bereken word op alle agterstallige gelde teen 2 % per maand.

Ek neem verder kennis van die volgende uittreksel vanuit die finansiële beleid van die skool:

Sodra die begroting vir 'n spesifieke jaar finaal goedgekeur is, word die ouers in kennis gestel van die bedrag wat die skoolgeld beloop en die ouers word voldoende geleentheid gegun om insette te lewer, vrae te vra en selfs 'n formele ouervergadering aan te vra, indien onduidelikheid oor die samestelling en berekening van die skoolgelde mag bestaan. Stilsweye sal aanvaar word as goedkeuring van die voorgelegde begroting en instemming tot betaling van die vasgestelde skoolgelde.

Ek verstaan dus, dat die skoolfonds gedurende 'n jaar aangepas kan word na gelang van die styging of daling van leerling getalle of enige faktor wat sodanige verhoging regverdig. (Indien die skool meer leerlinge kan werf, kan 'n verlaging van skoolfonds deur die direksie voorgestel word. Indien die skool meer leerlinge verloor, kan 'n verhoging van skoolfonds deur die direksie voorgestel word.)

Ek verstaan dat ek ten alle tye welkom is om enige knelpunt rondom my finansiële verpligtinge teenoor die skool, met 'n Direksielid of die Finansiële Sekretaresse te kom bespreek.

Indien ek my kind/kinders uit die skool sou neem na 'n ander skool, moet ek skriftelik 'n maand vooruit laat weet, sodat skoolgelde bereken kan word. Hierdie reëling geld ook vir 'n dorpskind wat koshuis toe trek en andersom.

Die voorwaardes vervat in Bylae B van die ooreenkoms, sal ook hier van toepassing wees.

Bankkoste vir gelde anders as skoolgeld sal nie deur die skool betaal word nie. Indien bankkoste op die bankstaat van die skool verskyn, sal die betrokke ouer se rekening gedebiteer word.

Mag u kind onder toesig, sport- of ander geleentheid as lid van 'n span of groep, of enige skool- of koshuisaangeleentheid per motor of bus reis?	
Ja	Nee
Hiermee gee ek toestemming dat die skool foto's en video's mag neem van my kind/ers, vir plasing op sosiale media en ander media (insluitend bemarkingsmateriaal), asook kommunikasiekanale van die skool. Asook inligting van hul prestasies.	
Ja	Nee
Mag u kind aan aktiwiteite by die skool of buite die skool deelneem onder toesig van 'n personeellid of 'n afgevaardigde deur die skool?	
Ja	Nee
Ek as ouer/voog gee toestemming dat my kind te enige tyd vir dagga, dwelms of drank getoets kan word en summier geskors kan word indien positief getoets. Alle mediese onkoste van positiewe toetse sal deur my gedra word.	
Ja	Nee

Geteken te _____ op hierdie _____ .dag van 20____ .

Handtekening van vader of voog: _____

Handtekening van moeder of voog: _____

Bankbesonderhede van die Privaatskool Elnatan: Bank Windhoek Mariental, Takkode: 481 471, Rekeningnommer: 1049726001